Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Alison February**
Hoofdirektoraat: Mensbestuurspraktyke
Alison.February@westerncape.gov.za | 021 467 2683

Lêerno.: 3/3/1/1/3
Verwysing : 20250512-2896

Omsendbrief: 0019/2025
Vervaldatum: 30 November 2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Goedgekeurde riglyne vir Fase V van die Basiese Onderwysindiensnemingsinisiatief.*

**Onderwerp: Goedgekeurde riglyne vir Fase V van die Basiese Onderwysindiensnemingsinisiatief (BOII) in die basiese-onderwyssektor**

1. Die Wes-Kaapse Regering het 19 329 werksgeleenthede as deel van 'n werkskeppingsproses geïdentifiseer. Hierdie werksgeleenthede sal by openbare skole geskep word en sal deel vorm van die BOII. Hierdie projek sal onderskeidelik deur Nasionale Tesourie en die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) befonds word. Die BOII sal 'n groot bydrae lewer om die Wes-Kaap te help om bestaande openbare indiensnemingsprogramme en ondersteuningsmaatreëls te versterk en geloofwaardige en bewysgebaseerde voorstelle vir werkskepping in die provinsie verder uit te brei.

2. Die toewysing van assistente sal skole se kapasiteit om opvoeders op verskeie kritieke terreine te ondersteun, bevorder. Dit sluit in die versterking van die kurrikulum in die klaskamer, hulp op die sportveld, hulp om Inligting- en Kommunikasietegnologie-vereistes aan te spreek en ondersteuning aan leerders met leerhindernisse. Assistente sal ook 'n kardinale rol speel in die instandhouding van die skool se infrastruktuur.

3. Ten einde Fase V in skole suksesvol te implementeer en te bestuur, is die volgende goedgekeurde riglyne noodsaaklik:

   (a) Riglyn vir begrotingstoewysing (Bylae A)
   (b) Riglyn vir plasingsvoorwaardes(Bylae B)
   (c) Riglyn vir plasing van aangestelde assistente (Bylae C)
   (d) Riglyn vir die rol en verantwoordelikhede van belanghebbers (Bylae D)
   (e) Riglyn vir personeelvoorsiening van die projekspanne (Bylae E)
   (f) Riglyn vir die berekening van pro rata-betalings (Bylae F)
   (g) Riglyn vir die bestuur van verlof (Bylae G)
   (h) Riglyn vir die ondersteuning van gemeenskappe (Bylae H)
   (i) Riglyn vir onderhoude (Bylae I)
   (j) Implementeringsraamwerk (Bylae J)

4. Verdere kommunikasie, wat toepaslike inligting en leiding vir die duur van Fase V van die BOII verskaf, sal aan alle skole gestuur word.

5. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement betuig graag hul opregte waardering teenoor alle prinsipale en beheerliggame vir hul deurlopende ondersteuning van hierdie projek.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-05-30